**Ou Testamentiese ontwikkeling in die Dawidverbond**

**Jes 9:1-6**

**27 Oktober 2024**

1. Vantevore: Sluiting van die Dawidverbond – Die Here het beloof om vir Dawid 'n ewige koningshuis te bou, waarvan die Here nie Sy troue liefde sal onttrek nie.
2. Kort opsomming van die Ou Testamentiese geskiedenis na die sluiting van die Dawidverbond
    a. Dawid se lewe was gevul met groot hoogtepunte tot met die sluit van die verbond
    b. Na verbondsluiting: Dawid is sondige mens – owerspel, moord, stryd tussen seuns
    c. Salomo volg Dawid op – begin goed, maar val later in afgodsdiens weens sy vroue
    d. Rehabeam volg Salomo op – maar die ryk skeur, het kleiner koninkryk
    e. Verskeie konings uit Dawid se nageslag – maar baie soek nie die wil van die Here nie
    f. Ballingskap/na ballingskap – daar is nie 'n koning uit Dawid se nageslag nie
    g. Wat het geword van die Dawidverbond?
3. Ou Testamentiese profetiese uitsprake rakende die Dawidverbond
    a. Amos – 750 vC, tree op in Israel
        - Waarsku oor naderende oordeel, maar ook Dawid se vervalle vesting sal herbou word (Amos 9:11-15)
        - Israel sal verlos word
    b. Jesaja – 740 vC, tree op in Juda
        - Waarsku oor naderende oordeel, maar ook komende Lig (Jes 9:1)
        - Lig = Seun = Vredevors = sit op Dawid se troon, gevestig deur reg en geregtigheid, troon is ewig, vrede is ewig (Jes 9:5-6)
        - Takkie uit stomp van Isai = sal genot put uit ontsag vir die Here (Jes 11:1-5, vgl Deut 17:19)
        - Juda sal verlos word
    c. Jeremia – kort voor, tydens ballingskap, tree op in Juda
        - Waarsku oor ballingskap, maar ook herstel daarna (Jer 23:1-4)
        - Herstel deur regverdige Loot = Herder (Jer 23:5-6, vgl 2 Sam 5:2)
        - Juda en Israel sal verlos word
    d. Esegiël – tydens ballingskap, tree op in Babel onder ballinge uit Juda
        - Twee stukke hout vir Juda en Israel word saamgevoeg – sal verenig word (Eseg 37:15-23)
        - Dawid (se Nakomeling, die Takkie) gaan oor beide regeer (Eseg 37:24-25)
        - Afwesigheid van koning tydens/na ballingskap bedreig nie die Dawidverbond nie – word gehandhaaf deur komende Koning
        - Die Here se woning/heiligdom sal in hulle midde wees (Eseg 37:26-28)
    e. Kronieke – geskryf na ballingskap
        - 2 Sam 7:16 – Dawid se huis/koningskap vs 1 Kron 17:14 – Die Here se huis/koninkryk – die komende koninkryk is nie nasionalisties nie
    f. Sagaria – geskryf na ballingskap, tree op onder teruggekeerde ballinge
        - Loot saam met Priester sal regeer, tempel bou (bestaande uit gelowiges van alle nasies) (Sag 6:12-15, 8:20-22)
        - Die Loot kom deur nederig te ry op 'n donkie (Sag 9:9-10)
4. Dawidverbond sal vervul deur een Nakomeling van Dawid wat vir ewig gaan regeer, van wie die Here Sy troue liefde nooit sal onttrek nie